

## **Die „Afrikaanse Verhale” van Engela.**

*(Voorlesing gehou deur Ds. J. W. G. Strasheim.)*

---

Die gedagte wat iemand vervul by die lees van die tielblad is onder andere: Watter gawe moet 'n skrywer van bo-staande aard besit om aan die lesende publiek iets te gee waarmee dit sig gesellig, onderhoudend en met lus kan besig hou?

Kyk, iemand wat hom 'n skrywer van verhale noem, moet myns insiens, die talent besit van verteller te wees. Hy moet die gawe besit om die verhaal op deeglike wyse terug te gee, sodat die publiek die strekking en inhoud kan vat en verstaan, en die nut daaruit trek, hetsy op morele of op luimige wyse.

Moet die verhaal tot erns en navolging stem, dan moet die verhaalde die mag hê om dit te doen. Die skrywer moet dan weet waar die hefboom te gebruik, of waar sy slag te slaan. Moet die verhaal tot lag beweë, dan moet die skrywer die lesende publiek voor sy geestesoog hê, sy verhaal in sulke omhulsels klee, dat op 'n geskikte oomblik die lagspiere dit nie langer kan uithou nie, maar met die vrye teuel hulle van alle bande ontdoen. Nog meer! Wie kan gesê word verhale

van eg nasionale gees en tiepies Afrikaans, te kan teruggee en te boek stel?

Kyk, die persoon wat in die eerste plaas die geaardheid van sy volk ken, met die sedes en gewoontes van sy volk bekend is, maar wat ook bo dit alles met die taal van sy volk kan toor, die idiome daarvan verstaan, en dit kan knee nes was.

Net soas die verhaal die volkskarakter moet vertoon, dit is, uit die volkslewe moet ontstaan, en also die neiginge, gewoontes en spreekwyse moet bevat, net so moet die volksverhaler uit die volk gespruit het, en die talent soas hierbo uitgelê, besit.

Wie die skrywer van bo-staande verhale in die daelike lewe ken, en met hom omgaan, en dan sy boek lees, sal oortuig wees dat die skrywer aan die genoemde vereistes voldoen, en ten volle beantwoord, en teruggee wat hom aangebore is, en wat die natuur in sy nasionale omgewing op hom uitgewerk het.

Skrywer hiervan, wat meen daardie gawe in meneer Engela te ontdek het, het hom ook op alle moontlike wyse aangemoedig om sy eerste literariese kindjie die daglig te laat sien.

Die verskillende resensies, sommige nog al van manne van naam op literêre gebied, het aangetoon dat wat ek tot eis gestel het by 'n volksverhaler, bewaarheid geword is in die skrywer.

Sover in die verbygaan. Nou ter sake van die inhoud van die boek self. Daar word vyftien verhale ons te

boek gestel, waarvan, myns insiens, die volgende 'n plaas moet bekom wat inhoud, styl en denkwyse betref, as die beste onder die getal wat die luimige gedeelte aangaan, nl.: 1. *Die ontmoeting van Dokter Fortuin*; 2. *Ondervindings op tog*; 3. *Herinneringe uit die kinderejare van Karl Frölich*; 4. *Skeel Jan en sy misrekening*.

Die ernstige verhale kom in die volgende rang: *Die wonderlike leiding Gods*; *Agterdog*; *Eerlikheid beloond*. Die eerste span die kroon van die drietal. Die laaste is 'n mooi verhaaltjie vir die kinderkamer, of moet met 'n doel aan jongmense vertel word, want dit bevat 'n moraal wat mik op die opbou van die karakter.

*In sy eie strik gevang* kan nog tot erns, nog tot luim gereken word, omdat dit 'n eenvoudige verhaal is wat op waarheid gegrond is. Dit gee eenvoudig terug die planne, wat in die dae van die opgang van die voëlstruisteelt, deur slinkse smouse gesmee is om geld te maak.

Meer as een goeie, gulhartige en vertrouende persoon is so vir sy gasvryheid en vertrouwe deur dié klas van mense beloon.

*Ou dik Willem* pas hoegenaamd nie in die ry nie. Daar sal persone wees wat baie van drank-stories hou, en daarom ook kan lag, maar ons gedagte is dat baie jong mense, van allerlei slag en ouderdom, die werk in hande sal kry, en dit op hulle g'n goeie uitwerking kan hê nie, waar so ligsinnig oor drank geskrywe word. Wat dit openbaar, is alleen die laakbare en onwettige

wyse waarmee handelaars in dié dae met drank omgegaan het, om die kopers die verstand te ontnem sodat hulle baie moet koop. Hoe treurig was dit met die handelsedes in dié dae gesteld! Sedes, karakter en godsdiens opgeoffer vir die afgod „Geld”.

Genoeg van die verhale van minder rang. Keer ons nou terug na die *Wonderlike leiding Gods*. Dit gee so juis terug die ondervinding van reisigers in dié dae, wat vër afstande met 'n rytuig moes aflê. Om die doel te bereik, hoe lieflik en op eg Afrikaanse wyse word die nasionale deugde van gasvryheid en godsdiens beskrywe in die geval van Zekerhawe.

As daar iets is waarop die nageslag van die vroom vader van die donker verlede kan roem, dan is dit die gulhartige gasvryheid en innige godsvrug. Let op hoe ongekunsteld is die beskrywing! Dit is so natuurlik, om daardie deugde by die vroom Afrikaner aan te tref, dat die beskrywer niks hoef uit te lê nie, maar ongehinderd voortgaan met sy verhaal, daar hy weet dat sy lesende publiek met die sake bekend is. En tog, hoe is die deugde nie gekortwiek nie deur die ondeugde en sonde van die op Bybelse gronde verdwaalde en afgeleefde Europa! Omdat die afstande so verkort is deur die hedendaagse verkeer, het ook die ondeugde en sonde van Europa hulle voet hier by ons aan wal gesit.

Netjies is ook beskrywe die buffelagtige en onkristelike daad van Celliers op Leliedal.

Die onskuldige en rein luim in die grappige verhale

is nes medisyne vir 'n sieklike liggaam. Dit is opbeurend vir die gestel. Wie kan sy laglus bedwing as Dr. Fortuin op die naad van sy rug lê, met Boel en Vuilbaard aan kraag en broekspyp? Wie moet nie skater van die lag nie, as Danie van der Walt van ou Bloubok afval, wanneer die ou skietperd somarskielik vassteek tussen die bokke, en Danie se kop dan in sy keil deurdring! 'n Rare figuur, nie waar nie?

Wie kan onaangeroer bly wanneer Stram daardie ontsaglike wal afspring, en dan aanland sonder lip en knipmes? Niemand!

Genoeg oor die inhoud, nou iets oor die taal, wat so eg Afrikaans is.

Dis nie asof ons 'n boek lees nie, maar of ons die verhaler voor ons het, en hy ons alles mondeling meedeel. Dit kom so uit die hart tot die hart. Die taal spreek nie tot die hoof nie, maar tot die hart.

Tereg het meneer Arbous, met sy besoek alhier, gesê: „Julle taal is so smeeëg, die uitdrukkings en idioome is so natuurlik en pittig.”

Party idioome is so uit die lewe gegryp, dat hulle bepaald onvertaalbaar is, en nie anders, as deur omskrywing in 'n ander taal kan teruggegee word nie, onder andere: „jou rieme styfloop”, „riemspring”, „die witspan bybring”, „die aapstert”, „jou krapoog”, „die rieme neersit”. Dan die spreekwyse: „Die tien vingers opsteek”. So eg: „posiesie inneem”, „dat die stof so staan”. So kan ons baie meer opnoem, dog genoeg.

Is daar dan nie gebreke nie? By al die skoon is daar tog woorde en uitdrukkings wat by 'n tweede druk geroieer of vermy kan word, soos o.a. „jou vuilgoed”, „verhekste”, „vloek nes 'n matroos”, „weeluishok”.

Die verfynde gevoel stuit teen sulke uitdrukkings en die Afrikaans is woorderyk genoeg, om dit deur fyner en net so betekenisvolle woorde te vervang.

Ek het verneem dat die boek baie goed ontvang is, en by uitstek goed verkoop. My vurige wens is — daar die skrywer soveel beter aanmoediging gekry het bo ander skrywers, wat jare lank al voor 'n debiet moes wag — dat hy spoedig 'n ander literariese kindjie die wêreld sal instuur, en so sal aanhou tot hy sy werke by dosyne sal kan tel, en 'n geëerde onder sy volk mag wees.

## Op Tog.

---

In 1860 het Jan Bantjies uit die Boland vertrek, met 'n tentwa, met 'n stywe vrag negosie en ander handelswaar daarop, en 'n spekvet span osse daarvoor.

Die doel was om 'n smoustog te gaan maak, daar in die geweste van die Roggeveld, en die Kareeberge.

Die geselskap het bestaan uit Jan Bantjies, 'n man van omtrent veertig jaar. Hy was welgeboud, dog het maar 'n suur voorkoms gehad en was nog erg kort gespan daarby ook.

Sy broertjie Daan, so 'n vet seun van omtrent agtien jaar, met 'n vrindelike voorkoms, was altoos opgeruimd en plesierig, maar 'n opperste platjie van die eerste water.

Dan was daar nog twee volk by die wa: Kam en Dael. Kam was bedoel om die skape, wat sou gehandel word, aan te ja, en alhoewel 'n bietjie stadig, was hy darem goed gehumeurd, en kon verskriklik hakkell.

Dael, 'n Hotnot van omtrent vyf-en-veertig jaar, was die kok en drywer. Hy was altoos vrolik en opgeruimd, en het baie van sing gehou, maar die wysie wat die ou gesing het, was altyd dieselfde en die woorde ook.

Die wysie, so 'n treurige eentonige, het omtrent op die woorde gepas:

„En nou gaan ek weg, oor die hoek van Blouberg, en die wegstaan van haar was duisendmaal waar.”

Daiel het nog 'n bont brak gehad, wat Strykstok geheet het.

Net toe hulle bo-op Theronsberg ingespan het om te laat trek, het Jan eers sy pyp gestop, om lekker in die wa te lê en rook. Die tabak was baie nat, en Jan het toe 'n kooltjie vuur daarop gelê, wat hy weer met 'n plat klippie vasgedruk het, sodat dit nie kon afval nie.

Daar trek die wa, met Jan op die naad van sy rug, en pyp in die mond: doodtevrede; en Daiel op die voorkis, sing-sing, met Kam naas hom.

„Ma-ma-maar, O-o-oom Daiel!” begin Kam, „jy we-we-weet. . . .”

„Ag kom, bog jong!” val ou Daiel hom in die gehakkelde rede, „moenie die woorde so stukkend kou nie, want g'n hond kan dit verstaan nie. Hoekom sing jy nie liewers nie?”

„Hook! Hou stil!” laat Jan hom ewe benoud hoor, terwyl hy skielik van posiesie verander het en nou 'n hande vier-voet houding aangeneem het. Maar voor dat die wa tot stilstand gekom het, het Daan somar gou 'n blikkantien met water, wat in die wa gehang het, geneem en die inhoud daarvan op Jan uitgegooi, om die brandende kool, wat Jan op sy pyp had, en wat met die stamp van die wa op sy bors, onder sy klere, te lande gekom het uit te doof.



Kam en Daiel het altwee met hande op die mond, probeer om hulle onbedwingbare lag dood te smoor, terwyl Jan besig was om Daan gruwelik in te sê, omdat hy so onversigtig te werk gegaan het met die water.

„Kyk, hoe lyk die goed nou! Alles papnat!” sê Jan, die josie in, „waarvoor gooi jy 'n mens so nat? En wie weet hoeveel van die negosie belemmer ook!”

„Ag wat, Boetie!” sê Daan, dood-ongeêrg, „dat die goed nou altemit 'n bietjie nat geword het, is niks, want dit moet tog eenmaal gewas word; en beter 'n brandende kool dood en die goed nat, as die goed droog en Boetie uitgebrand!”

„Ja,” sê Jan, „jou bog!” terwyl hy weer die wa laat trek, „jy is baie slim,” en het toe in die tussentyd getrag, onder omstandighede om die vermoedelike skade weer te herstel, maar tot Daan se grootste vreugde was daar darem niks verkeerd nie.

So 'n reis was maar baie eentonig, en wat nog meer daartoe bygedra het, was dat die destyds bewoonde plase maar ver van mekaar verwyderd was, en moes jy, as jy van die een plaas weg trek maar 'n geweldige ent ry voordat jy by 'n ander plaas kom.

Baiemaal, omdat die tussenin-distansie so lank was, moes jy uitspan.

So was dit dat hulle een Saterdag-agtermiddag op so 'n lang ent pad was en in die verte 'n dam bemerk, en soas dit vertoon het, 'n mooi plaat gras. En daar die volgende dag Sondag was, het Jan besluit om daar oor te bly.

By die dam het hulle toe ook uitgespan, en die osse, nadat hulle water gesuip het, in die rigting van die gras geja. Die volgende môre blyk dit toe dat dit nie gras was nie, maar voëlstruisdorings, iets wat g'n dier vreet nie.

Dié ontdekking, daar die veld maar skraal was, het Jan glad nie vrolik gestem nie. En die wind het dié dag gewaai vir al wat hy werd was, en het baie daartoe bygedra om hom nog meer ongeduldig te maak. Maar hoe ook al, hulle *moes* oorbly, want dit was Sondag.

Omdat die wind so onplesierig gewaai het, en dit ook maar koud was, het hulle die wa toegeknoop.

Die volk het teen die wa 'n seil gespan, sodat hulle, met Strykstok, ook 'n skuilplek had.

Daan het die môre glad nie eers opgestaan nie, en kop en pootjies onder die kombers bly lê.

Daar Jan baie van gesels gehou het, was dit vir hom maar bitter om so alleen die hele dag, sonder geselskap, deur te bring. Maar daar is altyd 'n geluk by 'n ongeluk, en net toe die wind so effens bedaar, steek Jan sy kop uit, en sien 'n man aankom, na die wa toe.

„A,” dink Jan by homself, „dis darem nie so swak nie, want wat die ongeluk, sal ek die hele dag alleen aangevang het!”

Die man by sy aankoms, het hom gelyktydig toe hy groet, voorgestel as Koester.

Hy was so 'n lang skraal kêrel, en had so 'n pap, swart huil-hoed op, waarvan die pap rand agter op sy skouers gerus het, terwyl dit in die voorkant so op-

gedruk was dat jy sy hele gesig kon sien. Sy broek het halfmas gesit, en sy twee voete had hy, sonder sokkies, in twee swart velskoene, wat jou baie aan doodkiste laat dink het.

Sy lang gesig, ontsier met so 'n lang en yl rooi baard, twee dik lippe, en twee ver uit mekaar verwyderde oë, en nog skeel ook, het Jan dadelik tot die gevolgtrekking laat kom, dat Koester darem seker nie onder die skrande klas kan gerangskik word nie.

Jan het hom toe op die wa genooi, en somar begin te gesels.

„Hoe gaan dit nog, ou maat?” vra Jan ewe vrindelik.

„Soos oom sien, maar baie droog, en die wind waai ook maar baie, en die vee is maar baie maer; en hulle vrek ook maar baie.”

En dit was omtrent al wat Jan uit hom kon kry; en wat hom nog meer ongeduldig gemaak het, was die manier van praat van die kêrel. Hy had so'n eentonige stem, en het die woorde so stadig geuiter asof hy 'n siek man was; en daarby nog die oortollige gebruik van die woord „baie”.

Jan het sy uiterste bes gedoen om met Koester te gesels, maar al wat hy uit hom kon kry, was net „Ja” en „Nee”, en „Ek weet nie”.

Die opgeruimdheid van Jan was toe ook al soos die van 'n tier in 'n yster. Daar hy nou nie direk die kêrel kon in die pad steek nie, het hy in die gouigheid 'n plan beraam om hom weg te kry; hy kyk so in die rigting van Daan, wat nog altyd kop en pootjies onder die

kombers lê, en merk toe op: „Daardie broertjie van my het pokkies!”

Die uitwerking was net soos die van 'n man wat onverwags op 'n krokodil afkom.

Koester wou met alle mag en geweld van die wa afspring, sonder iets te sê, maar dis verhinder deur Daan, wat sy kop oop trek, en met 'n skaterlag sê: „Nee oompie, my boetie speel maar, ek makeer niks!” Hy kom toe, tot die grootste verontwaardiging van Jan, vorentoe om Koester te groet, wat so bleek as die dood was.

„Sit maar weer, oompie;” waarop Koester ewe tevrede weer op die voorkis gaan sit, en sy twee voete vas teen sy lyf trek, deur sy bene met sy inmekaar gevlegte hande vas te hou, en sy ken op die kniekoppe te laat rus.

Koester, nou doodgerus, was vreeslik opgenome met Daan, en het toe langamerhand meer spraaksaam en ook meer vrymoedig geword.

„Kyk hier, oom,” sê Daan, nadat hulle so 'n ruk gesels het, „dis vandag Sondag, en ek wil hê dat oompie vir ons iets moet sing.”

„A nee, jong!” lag Koester, so ewe droog weg, „maar dit kan ek darem nie doen nie.”

„Dis somar pure nonses, oompie,” sê Daan gerusstellend. „Sing 'n gesang; wat! oom is mos nie swakker as 'n meid nie; hulle sing dan ook. En oom is mos nie bang vir 'n gesang nie!”

En so het hy aangehou totdat Koester ingewillig het om te sing.

Koester het met die skeel oog eers so 'n bietjie verwilderd rondgekyk, het toe danig begin keel skoonmaak, en slaan toe los. Maar net toe hy mooi aan die gang was, glip sy twee hande los, en hy val bo van die wa af, op 'n drie-been pot, wat die volk daar laat staan het; met die gevolg dat een van die pot se pote afgebreek het.

Daan en Jan lê agteroor in die wa soos hulle lag, en Strykstok blaf dat dit so kraak, en wou met alle geweld Koester bespring.

„Voertsek!” skree Koester, so hard soos hy daartoe in staat was. „Keer die hond, of ek skop hom dood!”

Kam en Daiel het Strykstok toe verbied, en ewe verontwaardig merk Kam op: „Kyk 'n bie-bie-bietjie hoe da-da-dat daardie ba-ba-baas ons pot gebe-be-be-breek het!”

„Ja,” laat Daiel met so 'n vies trek op sy gesig hom hoor, „hy sal ons moet 'n ander pot gee.”

„Dit sal ek wragtie nie doen nie!” merk Koester beslis op, „want wat die wêreld het ek met julle potte en gesange te doen?” En sonder om iets te sê stap hy toe weg, so rooi soos 'n kalkoen en so boos soos 'n tier.

Wat die handel betref, het dit so ver bo verwagting goed gegaan, en daar die veld, weens die pragtige reëns wat daar in die geweste geval het, nou ook al baie mooi was, was die vooruitsigte belowend.

Op 'n plaas langs die Sakrivier, nadat hulle besig-

heid klaar was, het Jan besluit dat hy en Daan die dag in die rivier sou gaan visvang. En hulle het so gemaak ook.

Elkeen gewapend met 'n werplyn, het hulle vertrek, en net toe hulle op die wal van die rivier kom, sien hulle in een van die kuile sulke pragtige groot visse rondswem.

„A,” sê Jan ewe opgenome, „vandag sal jy darem 'n ding sien,” en storm toe ook somar, met Daan die wal daar af, in 'n kol fluitjiesriet.

Haastig het Jan somar begin om sy lyn in gereedheid te bring, om in te gooi, maar met die ingooi, het die hoek aan 'n riet gehak, en die lyn daardeur deurmekaar gemaak. Hy het maar haastig weer die hoek los en die lyn reg gemaak, en gooi weer in, maar met dieselfde gevolg. Jan het toe al begin boos word, en met die ruk 'en pluk aan die lyn, het dit al meer en meer verward geraak in die riete. En met so 'n binnensmondse gemompel, wat Daan goed verstaan het, dat dit nie die evangelie was nie, het hy die lyn weer klaar om in te gooi. Dié slag egter, om sy vorige ondervindings te vermy, het hy eers 'n klomp van die riete met sy knipmes plat gesny, en toe die hoek 'n bietjie hoër geswaai, maar ongelukkig met die gevolg, dat dit hom, kort bokant sy elmboog, dwarsdeur sy baadjie en hems mou gevang het.

Die posiesie was nou so dat hy die hoek onder geen omstandigheid kon los kry nie, of hy moet sy

hemp, onderbaadjie en bo-baadjie tegelyk uittrek. Hy het toe, met so 'n paar onbedwingbare knope, Daan geïnstrueer om die „vervlakste hoek” los te sny.

Daan het so gemaak ook en goed sorg gedra dat die gat wat hy in Jan se klere moes sny, nie te klein was nie.

Toe Jan nou weer verlos was, het hy die lyn in 'n sirkel op die grond neergelê, en brom-brom die wal af gestap om 'n behoorlike klippie te gaan soek en dit kort bokant die hoek vas te bind, want die lood wat aan die lyn reeds was, was te lig.

So 'n rukkie daarna kom hy terug met die gewenste klippie, en knoop dit vas.

Pas was hy klaar, en met so 'n nydige „Nou sal ek jou wys!” swaai hy die hoek omhoog, en laat los.

„Dié slag,” dink Jan, „trek hy darem mooi.” Ja, en hy het so mooi getrek, dat voordat hy dit kon verhinder, was die hele lyn agter die klip aan die water in. Jan spring na vorentoe om die agterent van die lyn te vang, maar mis dit, verloor daardeur sy balans, en kom op die naad van sy rug, dwarsdeur die riete met 'n geweldige plof, in die water te lande.

Toe Jan daaruit kom, was dit vir Daan, wat toe rondkruip in die riete soos hy lag, meer as ooit tevore duidelik, dat Jan, weens sy growwe mishandeling van die derde gebod, totaal ongeskik sou wees vir 'n predikant.

„Nee Daan,” sê hy, terwyl hy sy sakke omkeer om die water te laat uitloop, „trek op jou lyn, en laat

ons maar loop, want ek het nog nie plan om my siel vir vis te verruil nie."

"Wag 'n bietjie," sê hy vir Daan, wat kort agter hom stap, om nie te laat merk dat hy lag nie, „ek sal die ding darem weer vervat so gou soos ons by Rhenosterrivier kom, maar dan nie weer met 'n verwenste werplyn nie. En daar is tog gelukkig ook nie fluitjiesriet nie!"

'n Rukkie daarna het hulle op die gewenste plek uitgespan, en nadat alles by die wa versorg was, het Jan en Daan weer vertrek, om soos Jan gesê het „die ding te vervat". Maar dié slag had hulle die lyne aan sweepstokke vas.

By die rivier het hulle van 'n hoë wal af bemerk, dat die kuil van hul bestemming, so te sê gelewe het soos die vermoedelike visse opkom om goggatjies te vang, of om lug te skep.

Pas was Jan se hoek in die water, of die prop, wat as dobber diens gedoen het, begin dans soos die „vis" pluk.

Hy ruk uit en moes tot sy teleurstelling bemerk dat hy 'n platanna gevang het. Hy het somar gou die padda afgehaal, dit weer in die water gegooi en sy hoek opnuut laat sak.

Weer ruk hy uit, en dis ook 'n platanna. Dié padda, nadat Jan hom afgehaal het, het hy nie terug in die water gegooi nie, maar met so 'n spitsvinnige „A nee, A!" het hy dit die veld in gesmyt.

Die derde padda wat hy gevang het, het hy nie



eers van die hoek afgehaal nie, maar met die uitruk so geweldig in die lug rondgeswaai, dat die lyn soos 'n koperdraad fluit, en slaan dan die padda aan die hoek, met alle mag en geweld dood op die water.

„Toe maar,” sê hy, asof hy met die paddas praat, terwyl hy vooroor geboë staan, met die stok in sy hande, en die dobber dophou, wat daar op die water dans en spring, „ek weet baie goed dis paddas, maar al wat ek vang, sal darem nie weer byt nie.”

Nadat hy, om sy gemoed te koel, nog 'n stuk of ses paddas verongeluk het, smyt hy sy stok neer, en sê aan Daan, wat so 'n entjie daarvandaan sit, en skud soos hy lag: „Kom ons loop maar, jong! want dis darem te stuitig om paddas te vang.”

Van plaas tot plaas het hulle op Witaar uitgekom, en nadat hulle afgepak het, kom daar so 'n lang vaal seun, met 'n keil op, en kaal voete na die wa toe, om 'n jas te koop.

Die jasse word toe aan hom gewys, en hy pas een aan. Die jas het taamlik goed gesit, en nadat hy dit 'n paar maal los- en vaseknoop het, en sy hande in die sakke daarvan gesteek het, vra hy aan sy suster, wat met hom saam gekom het, so langdradig en met so 'n eentonige stem: „Alie jong, sal ek hom vat?”

„Ja jong”, antwoord sy, „ek dink jy moet hom vat.”

En daarop vra hy vir Jan: „Hoe duur kos hy, oom?”

Jan was glad nie in sy skik met daardie seun nie, en het somar kortweg geantwoord: „Twee pond.”

„Nee wag, oom,” sê die seun, terwyl hy die jas uittrek „ek sal oom darem weer kom sien.”

Nadat hulle met handel daar klaar was, het hulle weer opgepak.

Daarna het Daan die seun weer op die lyf geloop, en vind toe uit dat hy 'n kat met vyf kleintjies het, en daar hy wis dat Jan 'n vyand van katte was, het hy die seun omgehaal, en hom die versekering gegee dat Jan die katte vir die jas sou ruil, maar op voorwaarde dat die seun nie moes laat uitkom dat hy hom gestuur het nie.

Die seun was erg opgenome met die voorstel, en het somar dadelik die ou kat met die kleintjies in die keil gepak en wa-toe geneem.

By sy aankoms by die wa het Jan op die voorkis gesit, en verwonderd, dan na die seun, en dan na die katte gekyk.

„Oom,” begin die seun, „ek sal oom hierdie ou kat met die vyf kleintjies gee vir daardie jas.”

„Alla kragtie!” sê Jan, terwyl hy hier agter hom rondvoel of hy nie die sambok gewaar nie, „maak as die duiwel dat jy hier weg kom met jou katte! Dink jy dat ek mal is om in hierdie woestyn rond te swerwe met 'n swerm katte?”

Nadat hulle Witaar verlaat het, het hulle 'n streek ingetrek waar Daiel goed bekend was, en terwyl hulle een Sondag op een van daardie plase moes oorbly, het Daiel en Strykstok somar spoorloos verdwyn.

Laat die agtermiddag kom Strykstok sonder Dael wa-toe, en die volgende dag het hulle in die rigting, waar Strykstok vandaan gekom het, gaan soek.

'n Verskriklike ent van die wa af, gewaar hulle Dael, met 'n geweldige stok in die hand, op weg wa-toe.

Toe Dael by hulle kom, vertel hy dat hy die vorige dag na 'n kloof toe gegaan het, met die doel om daar 'n by-nes waar hy van geweet het, uit te haal.

„Baas sien,” so begin hy, „toe ek vanmelewe hier gewoon het, het ek die gewoonte gehad om aljaar daardie nes uit te haal, en ek het die plan gemaak, om so gou as ons hier kom, dit weer te doen. Die nes sit in 'n hoë krans, en omtrent tien voet van bo af. Vlak voor die nes is so 'n gelyk bank, waarop 'n mens kan staan. Daarvandaan na ondertoe, skat ek dit 'n goeie driehonderd voet, regaf.

Die enigste plan om by die nes te kom, is om osrieme bo-op die krans, om 'n vaste rots te bind, en dan daarmee, langs die krans af, tot by die nes te klim. Ek het toe so gemaak, en net toe ek amper klaar was, en 'n suikersakkie driekwart vol had — want die nes was baie vet — val die riem, tot my grootste skrik, vlak voor my!

Ek was radeloos, want ek wis dat daar hoegenaamd nie aan te dink was om nou na bo of onder los te kom nie. Daar sit ek met die sak heuning, en wat nou aangevang? Ek wis dat dit 'n eensame en afgeleë plek was, en dat daar selde of nooit 'n mens kom nie.

Ek kry toe so 'n dors dat ek dit byna nie kon hou nie, en vlak onder my, tussen die boomtakte deur, sien ek 'n heerlike kuil water in die sand. Maar wat help dit? Ek kan mos nie daar kom nie!

Laat gistraand het ek 'n stukkie heuning geëet, maar toe het my dors eers kwaai geword!

Toe ek nou gewaar dat ek vas was, het ek darem begin boontoe praat, en my basie, daar lê vir jou bidde!

So teen twaalfuur vandag was my dors so erg, dat ek maar 'n besluit geneem het om daar af te kom, want dit was nou duidelik dat ek tog in elk geval moet dood.

Ek skuiwe toe die sak heuning af, en luister. Hy trek, en hy trek, en ek hoor so 'n rukkies daarna k-r-r-r-r, daar onder in die boomtakte.

Toe het ek weer 'n slag boontoe gepraat, en my oë toegeknip, en myself so stadig afgeskuiwe. Daar trek ek nou, en ek trek, en uiteindelik val ek 'n boom met slap takke, mooi skoon kaal in die een kant. Die slap takke het my val so gebreek, dat ek onbeseer in die sand te lande gekom het. Ek was so bly, dat ek dit nie kon glo nie dat ek weer verlos was, en het toe somar opgekyk of ek nie nog altemit daar op die bank staan nie.

Toe het ek water gedrink en vir my hierdie stok afgebreek om Strykstok se nek mee in te slaan, want dis hy wat die riem afgekou het, toe ek besig was om die nes uit te haal."

Deur mooipraat van Daan, het Strykstok Daiel se intensies misgeloop. En Kam was verontwaardig dat Daiel nie die heuning saamgebring het nie.

Daar hulle nou klaar met handel was, het Jan besluit om maar so stadig-aan, met die gehandelde vee huiswaarts te keer.

Hulle het 'n goeie duisend skape gehandel, wat Jan by sy tuiskoms met 'n taamlike profyt weer van die hand gesit het.

Net so voorspoedig as wat die reis uit die Boland was, net so was dit weer terug. Jan het maar nog gelê en rook in die wa, maar nie weer met 'n kool op sy pyp nie.

Daiel sit maar nog sing-sing op die voorkis, en Daan sit naas hom, want Kam is nou by die skape. Strykstok draf onder die wa in die koelte.

Op die terugreis het Daan so 'n paar slae probeer om Jan te beweë tog weer te gaan visvang, maar hy het dit nie reg gekry nie.

Daiel het gesweer dat so lank as wat hy nog mag lewe, hy nooit weer met 'n by-nes in 'n krans sal gaan spook nie.

Net drie maande nadat hulle die Boland verlaat het, het Jan Bantjies en sy geselskap weer veilig tuis gekom.

## Op Moerbeidal.

---

Nadat Jan Bantjies, sy broertjie Daan en die twee volk, Kam en Daiel, weer tuis was, het Jan 'n rukkie daarna 'n plaas gekoop, wat Moerbeidal geheet het, en geleë in die distrik waar hy woonagtig was.

Moerbeidal was een van die mooiste plase in daardie distrik; goed voorsien van geboue en krale, was dit versier met 'n pragtige vrugteboord.

Vlak voor die woonhuis het vier rye groot akkerbome gestaan, waarlangs 'n pragtige stroom water gevloei het, wat gebruik is om die tuine en landerye mee te besproei.

'n Uitgestrekte wingerd in die nabyheid van die woonhuis was dig omheind met kweper- en granaatbome.

Moerbeidal het aan die voet van 'n hoë berg gelê. Die berg was dik begroei met waboom-, kliphout-, geelhout- en ander bome en struikgewas.

In die bergklowe, wat volop water had, was aanloklike plate, oortrek met gras en steenbokriet.

Die berg en vlaktes van Moerbeidal was goed voorsien van wild, soos klipbok, reebok, duiker en grysbok, en 'n menigte van wilde voëls, soos fisante, patryse en wilde eende.

Daar Jan en Daan altwee groot liefhebbers van die jag was, kan jy glo dat hulle in hul spaartyd maar regte dikwels die klowe daar ingeglip het, met die roer op skouer en Strykstok agter hulle.

Daar die berg baie ruig was, was dit 'n uitmuntende verblyfplek vir ongedierte. Bobbejane en tiers was daar volop, en die tiers het by verskillende geleenthede groot skade onder die vee veroorsaak.

Jan het toe besluit om 'n ent van die woonhuis af, aan die voet van die berg, 'n tierhok met 'n valdeur, te bou.

Nie alte lank nadat die hok klaar was nie, het Jan een môre vir Kam met 'n perd gestuur, om te gaan kyk of daar nie altemit 'n tier in die hok was nie.

Kam het ewe moedig soontoe gery, en so na aan die hok gegaan, dat hy, sonder om af te klim, in die hok kon loer, maar voordat Kam sy planne kon uitvoer, gee die tier wat in die hok gevang was, so 'n harde brul, dat die perd skielik omruk, en Kam, wat nie so iets verwag het nie, been in die lug bo van die perd val, en op die hok te lande kom, op sy rug.

Met die rumoer op die hok het die tier 'n vreeslike lawaai opgeskop, wat die moedigheid van Kam glad nie laat styg het nie.

So gou as hy daartoe in staat was, het hy hom orent gepluk en met alle mag en geweld bo van die hok af gespring. Toe sy voete grond vat, was hy weer onderstebo, en net gelyktydig brul die tier weer, wat sy

terugreis nog meer bespoedig het, want toe swewe hy die perd agterna, nes 'n resiesperd, oor die vlakke huis-toe, om sy sure ondervinding mee te deel.

Jan en Daan kon van die huis af alles sien wat gebeur het, en het Kam belangstellend ingewag.

By sy aankoms was hy so uitasem van die skrik en die hardloop, dat hy byna nie kon praat nie.

'n Rukkie daarna vertel hy: Ba-ba-baas! hy 's da-da-daar in die ho-ho-hok, en da-da-daardie pe-pep-perd het my bo-op die ti-ti-tier ge-ge-gooi."

„Hoekom," vra Daan, „het jy hom dan nie somar saam gebring nie, Kam? want jy weet mos dat Boetie duidelik vir jou gesê het, dat as daar 'n tier in die hok is, jy hom moet vang en bring."

„A-a-as jy hom ga-ga-gaan uitha-ha-ha-haal, Ba-ba-basie, dan ka-ka-kan jy da-da-daardie pe-pe-perd vir jou va-va-vat," laat Kam met verontwaardiging daarop volg.

Daarna het Jan en Daan en die twee volk vertrek om die tier in die hok te gaan doodskiet. Toe hulle daar kom, was die tier net aan die uitklim, deur 'n gat in die muur wat hy daarin gemaak het op 'n plek waar die muur nie alte goed gestawel was nie.

Jan het toe op die tier geskiet met 'n skoot lopers en hom gekwes, maar deurdad dit so ruig was, en Strykstok maar min van tierjag gehou het — want van dat hy die tier geruik het, was hy stert tussen die bene — het hulle maar besluit om die verder jag op die tier op te gee.



'n Paar dae daarna het Jan en Daan in die klowe gaan jag en Daiel meegeneem, om die wild wat hulle mag skiet te dra.

In een van die klowe het Daan op 'n klipbok geskiet en hom so gekwes dat hulle nie 'n tweede skoot op hom wou mors nie, en Daiel gestuur het om hom te vang en keelaf te sny.

Daiel het toe die bok voorgeloop om hom te vang, maar toe die bok hom gewaar, slaan hy 'n ander koers in, sodat Daiel ook moes van koers verander, en so doende oor 'n lopies moes spring om sy doel te bereik. Tegelyk met die oorspring het Daiel neergeslaan, en so 'n onaardse geluid gemaak, dat Jan en Daan geskrik het.

Haastig en verward het Daiel weer opgespring, en glad 'n ander koers ingeslaan, met die gevolg dat hy hom in 'n braambos so vasgeloop het, dat hy byna nie kon roer nie.

„Kom gou, my basies! Kom gou!” skree Daiel, so benoud as maar kan kom, „want vandag is dit klaar met Daiel. Kom gou!”

Jan en Daan het toe so gou hulle daartoe in staat was, hom te hulp gesnel, en hom uit sy vasgedoornde posiesie verlos.

Onderwyl dat hulle besig was, sê Daiel byna sprake-loos, terwyl hy met sy vinger na die plek wys waar hy oorgespring het: „Daar lê hy, my Basies! Ek het bo-op hom gespring, en ek is tog so dankbaar dat hy my nie gevang het nie!”

Jan en Daan het toe gaan kyk waar Dael bedue het, en bemerk toe dat dit 'n dooi tier was waar Dael op gespring het, en by nader ondersoek blyk dit toe dat dit juis die tier was wat hulle 'n dag of wat tevore gekwes het.

„My skepsels, Dael!” sê Daan, „hoe het ek dit nou? Dis nog maar gister wat jy Kam so gespot het omdat hy vir 'n lewendige tier gevlug het, en nou loop jy jou in 'n braambos vas vir 'n dooi tier!”

„Ja maar Basie, kyk,” antwoord Dael, „in Kam se geval was die tier nou lewendig, dis waar, maar hy was mos vas in 'n hok. Maar in hierdie geval was hy mos los, en ek het ook nie geweet dat hy dood was nie. Net toe ek op die tier spring, sê die Duiwel vir my: Pas op Dael, hy lê die bok voor!”

„Ag hemel!” las Dael verder aan, „ek het so geskrik, dat ek wragtie liewers weer van 'n krans af sou wil val, as om weer hierdie ding deur te loop.”

Daarop het Dael toe die tier afgeslag, terwyl Jan en Daan die bok gaan vang het, en almal het toe weer vertrek huis-toe.

Kam, tot groot verontwaardiging van Dael, het vreeslik gelag toe die gebeurtenis aan hom meegedeel word, en vra toe lag-lag aan Dael: „O-o-o-oom Dael, he-he-het jy nie gesi-si-sing nie: „En nou ga-ga-gaan ek we-we-weg oor die hoe-hoe-hoek van Blou-be-be-berg’, toe jy die ti-ti-tier geva-va-vang het nie?”

„Kyk hierso, Kam, jy moet pad gee, as jy nie plan

het om riem te spring nie, want ek het maar min nodig hoor," laat Daiel boosaardig daarop volg.

En lag-lag is Kam daar weg, hoog in sy skik dat Daiel, soos hy dit genoem het, 'n tier gevang het.

Die hut waar Kam en Daiel in gewoon het, was 'n taamlik groot vertrek, met 'n strooidak, en die mure was gemaak van spaansriet, wat weerskante met 'n dun laag klei afgepleister was; daar was net een ingang.

Kam en Daiel was altwee vreeslik bang vir 'n spook, en wat nog meer daartoe bygedra het, was die gerugte dat die vorige eienaar van Moerbeidal daar gesterwe het, en dat hy „dwaal“.

Terwyl Jan en Daan eendag met Kam en Daiel in die wingerd besig was, het Daiel dit onder andere laat uitkom, dat alhoewel hy en Kam nou baie aangenaam en tevrede daar gewoon het, daar tog iets was wat hulle vreeslik gekwel het.

„En wat is dit?“ vra Jan hoog geïnteresseer, omdat hy graag hulle moeilikheid uit die weg wou ruim, want hulle was twee deeglike volk, en hy sou hulle onder g'n omstandigheid wou verloor het nie.

„Baas sien,“ sê Daiel, terwyl hy sy graaf vassteek, om met Jan te praat, „die ding wat ons so onrustig maak, is dat dit hier so verskriklik spook. En Kam sê 'n tier mag mens nog altemit vang, maar van 'n spook moet jy jou lyf weghou.“

„Ek we-we-weet nie wa-wa-waarvoor die Here nog

spo-spo-spoke ook gema-ma-maak het nie," las Kam ewe ontevrede aan.

„Ag, dis pure bog, daardie spook-gerugte," merk Jan gerusstellend op; „mens hoor maar net altyd van spoke, maar jy kry hulle darem nooit nie; en ons woon nou al so lank hier, en ons het nog niks gewaar nie."

„Ja maar baas," hervat Dael, „Kam het eenkeer so 'n ding op die lyf geloop, en hy wou toe gaan kyk wat dit was, maar hy sê die ding het so geblits, toe hy naby gekom het, dat hy verplig was voet in die wind te sit."

„Ja ma-ma-maar b-a-a-s" hakkkel Kam, „sê. nou ons k-k-kry hom we-we-weer?"

En voordat Jan kon antwoord gee, val Daan somar in: „Ag maar wat, dan vang julle hom, soos julle met die tier gemaak het!"

„Vang hom?" sê Dael, verslae, terwyl hy weer aan spit raak, „dis makliker gesê as gedoen."

„Goe-goe-goedheid basie," laat Kam hom toe weer hoor, „e-e-ek wou hom eendag geva-va-vang het, maar soos o-o-o-oom Dael gesê het, hy het so ge-bli-bli-blits dat ek getra-tra trap het."

Daar het die gesels doodgeloop, en almal weer vlytig aan die werk geraak.

Daan wou, so ongemerk, uitbars van die lag, weens 'n plan wat hy daar in die haastigheid beraam het om Kam en Dael 'n poets te bak.

Een winteraand, terwyl Kam en Dael besig was om

hul kos te maak in hulle hut, het Daan een wit broek aangetrek, 'n paar wit sokkies aan sy voete, 'n wit laken omgehang, en toe stilletjies sy verskyning in die deur van die hut gemaak.

Met skrik gewaar Kam en Dael tegelyk die langverwagte spook, en met oopgerekte oë begin Kam bevrees: „Go-Go-” maar word verhinder deur Dael, wat vermanend sê: „Stil jong! moenie so lelik praat nie,” en laat hom in so 'n benoude halfhuilende stem hoor: „Naand oorlede ou baas!”

Intussen was Kam al hard besig om inderhaas 'n gat deur die rietmuur te prakseer, en gelyktydig met sy uitkruip merk hy waarskuwend aan Dael op: „Pas op o-o-oom Dael, hy sal bli-bli-blits!”

Tegelyk met die opmerking van Kam, laat Daan so'n onaardse gekreun hoor, en steek toe, onder die laken, 'n bietjie kruit wat hy in 'n lepel had, met 'n kooltjie vuur wat hy sorgvuldig aan 'n stompie agter sy rug had, aan brand.

Net toe die lig uitslaan, sê Dael, terwyl hy agter Kam uitkruip: „Heiland, eindeloos van ontferming,” en toe swewe hulle soos gedagtes daar oor die vlakke.

Haastig het Daan die laken afgeruk om hom te bevry van die kruitrook, en dit weer ewe gou omgehang, met die doel om hulle voor te sny, maar in sy vaart het sy voet aan 'n wortel gehaak, met die gevolg dat Daan in 'n ontsaglik diep gat water te lande gekom het, met die laken om hom heen. Met sy spartel om

bevryd te raak van die laken, het hy al meer en meer verward daarin geraak, maar uiteindelik het hy tog sy kop oop gekry, en skree toe net so hard as hy daartoe in staat was: „Kom help my!”

Kam en Dael, toe hulle nou Daan se stem hoor, het vasgesteek, en in die rigting vanwaar hulle die stem verneem het, teruggeloop, om Daan uit die nog vasgewoelde laken te verlos.

„So,” sê Dael, „dan is jy die man wat ons so die dood op die lyf geja het? Maar môre sal ons die Baas van die affêre laat weet, dan kan hy met jou afreken.”

Daan, terwyl hy nou bewe soos 'n riet, het Kam en Dael elkeen 'n goeie present belowe, op voorwaarde dat hulle vir Jan niks sou vertel nie. „Want”, sê hy, „ek het dit met opset gedoen om julle te oortuig dat die spookstories, waarvan julle so baie hoor, totaal vals is.

Kam en Dael, meer omdat hulle baie van Daan gehou het, as dat hulle oortuig was dat die spookstories nie waar is nie, het maar ingestem, en sodoende Daan ook uit 'n groot moeilikheid gered.

'n Ruk daarna is Daan getroud. En Jan met sy famielie, Daan met sy vroutjie, en Kam en Dael, met Strykstok, het toe almal tesaam in liefde en vergenoegdheid op Moerbeidal gelewe.

## 'n Terugblik op die Verlede.

---

Hoe bekoorlik ook al iets in die lewe mag wees, hou dit maar selde stand. Daar kom steeds verandering. Menigmaal word die opbreek en verstrooiing van 'n liefdevolle huisgesin veroorsaak deur die dood. Die bande van vriendskaplike gemeenskap word verbreek deur die verhuising na vreemde oorde. En baie maal so, dat persone op dié manier verwyderd van mekaar, wat as kinders saam opgegroeï het, waardeur innige vriendskap gebore was, nooit weer die voorreg het mekaar in die lewe te ontmoet nie. Onwillekeurig dan, wanneer 'n mens deur omstandighede die plek waar hy sy kinderjare geslyt het en waaraan so veel lief en leed verbonde is, moet verlaat, dan natuurlik, gedurende die jare van afwesigheid, is hy besield met 'n terugblik op die verlede.

Hoe haarfyn onthou hy tog alles wat daarin voorgeval het, en met wat 'n brandende verlange sien hy nie terug op sy verlede nie. En gebeur dit nou dat so iemand, na 'n vyftigjarige afwesigheid, sy geboorteplaas weer besoek, wat 'n onbeskryflike verandering ontwaar hy dan nie! Hoe teleurgesteld voel hy! Nou 'n vreemdeling, waar hy eenmaal so gelief en bemind was. Nou

oud en afgeleef, waar hy eenmaal so jonk en vrolik rondgehuppel het. En met betraande oë sug hy:

„Rus my siel! jou God is Koning,  
Wees tevrede met jou lot;  
Kyk hoe alles hier verander,  
En verlang alleen na God.”

Hoe anders vertoon die ou dorp en omgewing nou! Die distansies lyk nou korter, die strate nouer. Die huise is nog kenbaar, maar word nou bewoon deur vreemde.

Die gesuis van die wind in die ou boomtakke, waar hy as kind so menigmaal ingeklim het, is nog dieselfde. Weemoedig kom hom voor die gees hoe dat hy as kind eenmaal in die ou boom, waaronder hy hom nou bevind, geklim het om voël-nessies uit te haal. Hoe dat hy uitgeval het; waardeur hy nog 'n merk aan sy voorhoofd dra. Hoe liefdevol is hy toe deur die sterk arms van vader opgetel, en huis-toe gedra, en hoe dankbaar was moeder dat die wond nie so ernstig was nie.

Vreemde kinders klim nou in die takke rond en verwonder hulle dat 'n ou man soveel notiesie van die ou boom neem. Hy verlaat die boom en stap die ou woning, waarin hy gebore is en opgegroeï het, verby; maar met wat 'n gewaarwording! Nog is dit asof hy die stem van vader en moeder hoor. Hoe herinner hy hom die skaterlag van broers en susters nog, daar in die tuin, toe hulle besig was met vrugte pluk, terwyl hy opgeruimd, met pa en ma, onder daardie ou vyboom gesit het.



In die gees sien hy nog die eens in liefde aan mekaar verbonde huisgenote, en met 'n smartvolle hart herinner hy hom nog hoe dat hulle, saam met ander kinders, daar menigmaal wegkruipertjie gespeel het. Hoe dat die wrede dood een na die ander weggeneem het, en hom alleen oorgelaat om met gebroke hart die treurige verlede te bepeins.

Dis Sondag, en hy luister na die gelui van die ou bekende kerkklok, wat hom so menigmaal na kerk en sondegskool geroep het. Die gelui is nog presies dieselfde as wat dit in sy kinderjare was. Nog gaan dit asof die klok hom toelui „Kom! Sondaar, kom!”

Die kerk is onveranderd, maar ag, hoe droewig vreemd kom alles daar binne voor: die banke is, vir hom, met vreemde gevuld. Die ouderlinge en diakens ken hy nie een van nie; en die predikant is ook 'n onbekende. Onder die sing van die eerste gesang, 'n welbekende, het die gedagte, natuurlik by hom ontwaak, hoe dat hy in dieselfde godsgebou, vyftig jaar gelede, as jongeling saam met die toenmalige gemeente, waarvan die meeste al ontslape is, dieselfde gesang gesing het, en dat die stemme van die afgestorwene, waaronder sy geliefde inbegrepe, nooit weer in die lewe sal verneem word nie.

Die berg en veld, en die rivier waaraan so menige genotvolle herinnering verbonde is, word ook besoek, en roep weer in die lewe die verrukkende gewaarwordinge van sy vervloë kinderjare. Die ou rotsblok in die rivier,

wat menigmaal as sitplek diens gedoen het om kurpertjies te vang, het nieteenstaande al die stormwaters wat daar van tyd tot tyd oorheen gespoel het, onveranderd bly staan, en die sagte gemurmur van die stroom wat daar langs vloei, gee weer die soete gemeenskap van 'n lieflike kindervriendekring terug. Hoe menigmaal het hy, met ander jongetjies saam, daar in dieselfde stroom genotvol rondgespartel. En in die veld, langs golwende koringvelde hulle verlustig met die soek na voëlnessies.

In die berg waar hulle gewoon was piekniek te hou, het die natuurtoestand onveranderd gebly. Die ou grot wat altoos diens gedoen het as bergplek vir die koek en lekkerny, staan nog net so; en vlak daarvoor 'n plek omring met bosse en rotswande, wat as speelplek gedien het vir 'n huppelende en blymoedige kinderskaar. Kersvers kom hom voor die gees hoe dat hulle daar in kinderonskuld vrolik rondgedartel het. Nog is dit asof hy die stemmetjies van sy vriendjies hoor. Hoe skoon en hoe bekoorlik was die gesing, en hoe indrukwekkend was die weerklank in die klowe, van die jongetjies wat mekaar van krans tot krans toegeroep het!

Maar alles is vervloë, en al wat oorbly is die soete herinnering van die verlede.

## Sport.

---

Oom Johannes Maritz was vroeër 'n inwoner van die Kaapkolonie, maar het ook later met die goudontdekkings-beweging na die Transvaal getrek, en het hom toe metterwoon op K. gevestig.

Oom Johannes was nog van die goeie ou Voortrekker-soort, wat meer van die waarhede van die Bybel gedink het as van al die sogenaamde hedendaagse beskawing, wat in menige opsig — en dis 'n betreurenswaardige verskynsel — dit meer met „sport” op het, as met die nuttige, leerryke en opbouende leerredes, wat kwalik kan gemis word vir die instandhouding en groei van die maatskaplike samelewing.

Oom Johannes was self vrolik gestemd, en was nie juis teen onskuldige vermake nie, maar waar hy erg teë gekant was, was die oordrywende en steeds toenemende sport-gees, waarmee ons jong geslag ook al so doordronge is.

Omdat hy 'n vyand van dié dinge was, had hy altoos die gewoonte om die hedendaagse vermaaksugtige geslag te vergelyk met die Voortrekkers.

„Roep jou voor die gees,” so begin hy, „'n geselskap van Trekkers, daar in die destyds alleen deur Kaffer-

hordes bewoonde streke langs die Vaalrivier. Daar ontwaar ons 'n klompie waens temidde van die doringbome, sirkelvormig getrek, en uitgespan. Terwyl die trek- en slagdiere onder sorg van vertroubare oppassers hulle in die groen grasvlaktes verlustig, hou die vroom ou Voortrekkers hulle na gelang van omstandighede, met hul daelikse werk besig. En wanneer daar 'n geleentheid mag wees, dan maak oud en jonk van die, vir, hulle, genotvolle oomblikke gebruik, om diep af te daal in die onuitputlike waarhede van die dierbare en onfeilbare Woord van God, om sodoende die nodige sielevoedsel daaruit te put en hulle te bekwaam vir die glorieryke en heerlike godsalige toekoms hiernamaals."

„Alhoewel die godsdienstige lewe van die Voortrekkers," so vervolgt hy, „deur menigeen verfoei word, tog het dit die guns van die hemel weggedra, wat die volgende verhaal sal bevestig.

'n Geselskap van Voortrekkers was in die noordelike dele van die Transvaal besig om skuilplekke te vervaardig vir die vrouens en kindertjies, daar hulle 'n kaffer-aanval te wagte was.

Toe hulle hard besig was, kom daar 'n ou bejaarde Kaffer aan, en nadat hy beleef gegroet het, val sy oog op 'n leer, wat hy met die grootste bewondering gadeslaan het.

By nader ondersoek blyk dit toe dat die ou Kaffer een van die duisende Kaffers was, waarmee die Voortrekkers op Vegkop omring was, en waar hulle tot die

grootste verwondering van die vasekeerde Boere, op 'n onverklaarbare wyse op die vlug gegaan het.

„Hoekom,” begin een van die geselskap, „het julle die dag nes meide op die vlug gegaan, daar julle duisende in getal was, en ons was maar net 'n paar. Toe ons ammunesie op was, en ons nie meer kon uithou nie, en alle oomblikke verwag het om in julle hande te val en deur julle vermoor te word, het julle somar op 'n, deur ons tot nog toe onverklaarbare wys, op die vlug gegaan.’

„A baas!’ so begin die Kaffer, „julle was baie meer as ons. Sien jy daardie ding?’ terwyl hy met 'n vinger na die leer wys, „die ding, ek weet nie wat sy naam is nie, maar hy het tussen julle op die kop gestaan, en sy punt was so hoog dat hy daarbo in die blou lug verdwyn het, en duisende gewapende Boere het daar langs uit die lug uit, na julle toe afgekom. Ons almal het dit met skrik gesien, en toe op die vlug gegaan.”

Hiermee wou oom Johannes net bewys hoe dat die Here die vroom ou Voortrekkers in die haglikste oomblikke bygestaan het, en Psalm 145:18 bewaarheid het: „Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.”

„En nou vandag,” so vervolg hy, „is die Voortrekkergees nog so onder ons? A nee! nou is dit heeltemal anders geword! Nou is dit net sport, en die sieleheil kan maar wag op 'n beter geleentheid!

En waar moet dit na toe? As 'n mens tot leidraad

neem die agteruitgang van die destyds roemryke Romeinse ryk, nadat hulle die wêreld-bewindvoerende gesag geword het, en hoe dat hulle as volk onmiddellik daarna hulle meer met ‚sport‘ as enig ander ding besig gehou het! En waar staan Rome vandag?

As ons ag gee op die, by ons steeds toenemende ‚Sport‘ en die verwaarlosing van die Voortrekkergees, waaraan in menige opsig die gedurig lossen-ording van die huweliksband kan toegeskrywe word, dan moet dit ons tot ernstige nadenking stem.

’n Ou spreekwoord sê: ‚Dis ’n strooitjie wat die rigting van ’n stroom aanwys.‘ En dis waar ook!

As mens hom nou in die hedendaagse geselskappe bevind, dan loop die gesprekke kenmerklik in die meeste gevalle net oor ‚Sport.‘

Dis net Tennis, Hockey, Gholf, Krieket, Skyfskiet, Resiesja en die steeds toenemende genoeë (?) verbonde aan die Skaatsbaan!

En ag! as mens net dink aan die ellende wat die verleiding van die skaatsbaan aan menigeen al besorg het, dan word dit byna onverklaarbaar dat nog so baie mense hulle tyd en geld op so ’n gevaarlike en niks-beduidende plek kan verkwis, soas uit die volgende verhaal sal blyk.

Maria Brink was die enigste kind van haar bejaarde weduwee-moeder. Sy was ’n skoon en onskuldige meisie van pas twintig jaar en was die enigste steun en verwagting van haar minsame moeder.

Die dorp H., waar hulle tot nog toe gelukkig saam gelewe het, is ook soas die gewone vermaaksugtige dit noem: *Vereer met 'n skaatsbaan.*

Maria is teer deur haar moeder vermaan, om tog die plek van sulke ydele vermaak te vermy, en alhoewel sy haar moeder tot nog toe in alles gehoorsaam was, tog het sy, tot verontwaardiging van haar moeder, by die opening van die skaatsbaan geprotesteer dat haar lewe te eentonig was, en dat sy 'n begeerte had om iets van die onskuldige vermake van die skaatsbaan te geniet!

Met 'n sug het die ou moeder uiteindelik haar toestemming gegee, waarop Maria erg opgeruimd met 'n paar van haar vriendinne na die skaatsbaan vertrek het, terwyl haar moeder, nadat sy haar lieweling aan die Man van weduwees en die Vader van wese opgedra het, haar ook maar te ruste begewe het.

Om elfuur die aand is mevrou Brink opgeklop, om tot haar grootste skrik en onbeskryflike verdriet haar liewe Maria terug te ontvang, met 'n gebroke rug!

Nadat die dokter, so goed as hy dit kon, haar verpleeg het, het hy by sy vertrek, in alle liefde, die van verdriet oorstelpte ou moeder gewaarsku haar maar vir die slegste voor te berei.

Nadat die belangstellende, uit eie beweging, die siekekamer verlaat het, was mevrou Brink met haar byna sterwende dogter alleen in die vertrek. Maria was stil en doodsbлек, en met 'n lieflike glimlag wink sy haar moeder na haar toe.

„Ag, my dierbaarste Maria,“ snik haar moeder, „wat ’n bitter beker moet ek ledig! O, die gedagte dat jy weldra van my moet geskeie word deur die onverbiddelike dood, en tog so onverwags! O, hoe eensaam sal my tog die lewe sonder jou wees!“ En met haar oë na die hemel geslae bid sy: „U wil, o God, geskiede. Dankie Here, dat alle kastyding as die teenwoordig is, dan skyn dit nie ’n saak van vreugde nie, maar van droefheid te wees, dog daarna, en waarvoor ek U dank Here, gee dit vreedsame vrug van geregtigheid af, vir diegene wat daardeur geoefen word. Versag haar lyding, Here, en kan dit in U alwyse Raad bestaan, neem my dan tog met haar na die heerlike woning wat vir ons berei is, en verworwe deur U kostelike offerbloed. Amen.“

Nog steeds met die lieflike trek op haar gelaat, neem Maria die hand van haar moeder saggies in hare; en met ’n sagte, dog hoorbare stem, smeek sy: — „My liewe Moeder, O! vergewe tog my ongehoorsaamheid, want as ek na die ernstige en welgemeende vermaning van my liewe moeder geluister had, dan sou die verskriklike ramp ons nie getref het nie. — Maar, my liewe moeder, laat ons ons daarin troos dat die Here vergewe menigvuldiglik, en alles wat Hy doen is wel gedaan, en vir die beste. — Bitter het ek berou van my ongehoorsaamheid, maar O! hoe verheug ek my in die versekering: so ver die Ooste van die Weste is, so ver doen Hy ons oortredinge van ons weg. Binnekort,



liefste moeder, sal ek Hom van aangesig tot aangesig aanskou, en binnekort, my dierbare moeder, verwag ek u ook daar.' — En met die woorde van Gesang 25 : 4, terwyl haar moeder snikkend haar omhels, het Maria, met 'n glimlag, die smartvolle tydelike met die heerlike ewigheid verwissel:

Zou ik in 't prangen van mijn nood,  
 De bittere heildronk schromen,  
 Daar Gij door Uw verzoeningsdood  
 Het wrangst aan hebt ontnomen?  
 Neen, starend op dat liefdepand,  
 Kus ik de Vaderlike hand,  
 In het midden van mijn lijden.

Die daarop volgende dag is die stoflike oorskot van die nog jeugdige Maria, deur 'n groot deelnemende skaar ter aarde bestel.

Slegs ag dae na die hierbove vermelde treurige voorval, is daar weer 'n graf gegrawe, langs die van Maria, om as laaste rusplaas van haar van droefheid besweke moeder diens te doen. Hulle was weer verenig op die strande van geluksaligheid, om nooit weer van mekaar geskeie te word nie."

## Die bedrieër bedroe.

---

Etlike jare gelede, toe die treinspoor maar nog net tot op Kimberley gebou was, moes al die goedere, bestemd vir plekke noord van Kimberley en vir die Transvaal, natuurlik deur middel van transportwaens vervoer word, waardeur menige besigheidsplek langs die pad, waarlangs die transport vervoer geword het, in lewe geroep is.

Met sommige van die besighede het dit by uitstek goed gegaan, met ander weer so ellendig dat hulle op sterwe na dood was.

Sommige mense was van oordeel — en hoe ver dit nou waar is, laat ek daar — dat enkele van die besighede langs die pad, meer die diamant smokkel beoog het, as die verkoop van koffie en suiker, want, so het hulle beweër: met 'n diamant as jy gelukkig is, kan jy in 'n halfuur 'n fortuin maak; daarenteen weer, met die verkoop van koffie en suiker moet jy jou hele lewe deur sukkel, en per slot van rekening raak jy gouer bankrot as ryk.

Maar wat die beweringe of gissinge ook al gewees het, tog is daar, tussen Makwassie en Klerksdorp, so 'n besigheid in die lewe geroep. En die eienaars van

die besigheid was Ned Smart en Bill Bright. Al twee, soas hulle name aandui, Europeane.

Die lokaal waar die besigheid in was, was so 'n ou klein sinkgeboutjie, en spesiaal op so 'n ongeleë plek opgerig, dat die transportryers hulle daarvoor verwonder het, dat Smart en Bright so dom was om juis op so'n plek 'n besigheid op te rig, waar nooit g'n wa uitspan nie.

„Hoekom”, vra 'n transportryer, wat eendag per ongeluk daar moes uitspan, „is julle dan so dom om 'n besigheid op so 'n ongeleë plek te open?”

„Ja,” antwoord Smart, met so 'n deur die transportryer onopgemerkte knik, „anderman se briewe is duister om te lees, en baie mense *lyk* maar so dom, maar is dit nie. Ander weer, lyk baie slim en by nader ondersoek blyk juis die teenoorgestelde. Ek sou nou weer aan jou kon vra: Hoekom is jy so dom om transport te ry, daar jy met spekulêre baie makliker aan jou geld kan kom? Maar ek wil dit nie doen nie, want soos die spreekwoord sê: Elke man soen sy vrou op sy eie manier. — Jy moet darem goed verstaan, ons sit nie hier vir ons gesondheid nie, en sodra ons ons fortuin gemaak het, dan trek ons na 'n plek waar 'n mens darem bietjie meer kan sien as sand en klippe en transportwaens.”

„Dan sal julle,” laat die transportryer met veragting daarop volg, terwyl hy van die kas-toonbank waarop hy gesit het, afskuiwe om weer na sy wa terug te keer, „wragtie moet langer wag as wat julle plan is,